

9 Desember

Skrifgedeelte: Lukas 15:17-24

Fokusgedeelte: Lukas 15:20

Die liefdevolle Vader

Dit sou beter gewees het om liever te praat van die gelykenis van die *liefdevolle vader* as van die *verlore seun*. Die held in die verhaal is nie die rojale en spandabele seun nie, maar die liefdevolle pa. Die nadruk val nie op die seun se sonde nie, maar op die liefde van die pa. Ons leer hierin van die egte liefde van 'n pa wat nie met sy seun argumenteer nie, maar wil hê dat hy op die harde manier moet leer. Hy voldoen aan sy seun se versoek en gee hom sy deel van die erfporsie. Dit doen God ook. Hy dwing ons nie om op die regte pad te bly nie. Hy laat ons gaan. Hy weet wie sal terugkom. Hy weet weet ook dat hulle wat terugkom, baie wiser en nederger sal wees.

Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom gesien. Ons kan hieruit aflei dat hy elke dag die pad dopgehou het. Hy het geweet dat die Here sy seun sal terugbring. Hy was iemand met geloofsvertroue. Toe die seun by die huis kom, het hy hom alles vergewe. Hy aanvaar hom sonder voorbehoud. Hy sê nie: "Ek is bly, maar dit sal nie soos voorheen wees nie." As God so sou vergewe, sou niemand van ons vergifnis ontvang het nie. Hy verwyder ons sonde van ons so ver as die ooste van die weste is. Net soos by die pa in die gelykenis, is daar by Hom geen verwyte nie. Ook God se vergifnis is nie maar net 'n guns wat Hy bewys nie. As die berou opreg is, is die vergifnis ook opreg en finaal. Dit moet ons met dankbaarheid vervul dat God die hoogmoedige neerwerp, maar die ootmoedige weer verhef. Die sondaar wat uitroep: "O God, wees my sondaar genadig!" sal genade ontvang.

**Sing: Skrifberyming 27:1 Ds HA Louw
(Emeritus)**